ENKELE GEDAGTES NA AANLEIDING VAN 'N OORSESE STUDIEBESOEK

W.S. Prinsloo

Dit was my voorreg om vanaf die einde van 1982 tot die middel van 1983 as Alexander von Humboldt-beurshouer navorsing te kon doen aan die Eberhard-Karls-Universität, Tübingen, Wes-Duitsland.

Tübingen, 'n tipiese studentestad van ongeveer 80 000 inwoners, is naas Heidelberg die oudste Universiteit in Wes-Duitsland. Dit het natuurlik 'n baie beroemde Teologiese Fakulteit. Die dekaan van die Evangelische Fakultät (Lutherse Kerk) was trots toe hy my meegedeel het dat Tübingen die grootste Teologiese Fakulteit in die wêreld is met 2001 teologiese studente! Die Katolieke Kerk wat ook 'n fakulteit aan die Universiteit het, het ongeveer 900 teologiese studente. Uit 'n totale studentetal van 25 000 is daar dus ongeveer 3 000 teologiese studente. 'n Vir ons ietwat vreemde verskynsel is dat ongeveer 40% van die teologiese studente dames is. Al die studente studeer natuurlik nie teologie met die oog op die bediening nie. Baie studeer teologie met die oog op godsdiensonderrig op skool of om gespesialiseerde diens vir die Kerk te doen (bv. kategese-onderrig). Daar is ook studente wat teologie bestudeer met die oog op 'n akademiese loopbaan of wat een of ander teologiese vak as byvak neem terwyl hulle hoof-belangstelling in 'n heel ander rigting lê. Ek sou sê dat 60% tot 70% van die studente egter teologie met die oog op die bediening studeer.

In Tübingen is daar 'n groot getal internasionaal erkende teoloë. Sommige van hulle is ook goed aan ons bekend in Suid-Afrika en hulle werke word hier voorgeskryf en bestudeer. 'n Mens dink hier byvoorbeeld aan name soos Gese en Hermisson (Ou Testament), Stuhlmacher en Hengel (Nuwe Testament), Jungel, Moltmann, Kung (almal Dogmatiek) en Oberman (Kerkgeskiedenis). Hans Kung het vanweë sy botsing met die Katolieke Kerk sy leerstoel aan die Katolieke Fakulteit verloor maar daar is 'n spesiale nuwe leerstoel vir Ekumeniese Teologie aan die Universiteit vir hom geskep omdat hy so 'n geweldige aanhang het.

'n Teologiese Fakulteit in Wes-Duitsland sien natuurlik heeltemal anders uit as hier by ons. Dit merk 'n mens onmiddellik wanneer jy die kennisgewingborde (om maar een ding te noem) besigtig. Op hierdie kennisgewingborde kom 'n

mens alles en nog wat tee: kennisgewings in verband met akademiese lesings; plakkate van die vredesbewegings wat hulle uitspreek teen die wapenwedloop; kennisgewings van Marxisties-sosialistiese groepe; vereniging vir homoseksuele; 'n oproep om op te kom na 'n vergadering waar daar oor die "rassistiese regime" in Suid-Afrika of oor wantoestande in ander wêrelddele gepraat word; die kennisgewing van 'n vroom piëtistiese groep wat oproep tot persoonlike saligheid. Om op grond van so 'n kennisgewingbord af te lei dat alle teologiese studente Marxiste of homoseksuele of fundamentaliste of piëtiste is, sou natuurlik 'n growwe oorvereenvoudiging wees. Hierdie plakkate is tegelyk 'n weerspieëling van die ryke verskeidenheid maar ook van groot toleransie en die hoë premie wat daar op vryheid gestel word. Hierdie hoë premie op vryheid van denke en optrede het natuurlik heel dikwels negatiewe gevolge. So is daar byvoorbeeld in Tübingen 'n groepie teologiese studente, links georiënteerd, wat weier om by die normale Seminare en Vorlesungen in te skakel en wat hulle eie outonome, en vir hulle relevante, voorlesings hou!

Hierdie vryheid en selfstandigheid van denke het egter ook sy positiewe kant. Skoliere en studente leer van jongs af baie meer selfstandig dink en werk(!) as hier by ons. Omdat die hele onderrigstelsel hom daartoe leen, het die studente 'n groter vryheid om die vakkombinasies en voorlesings uit te soek waarby hulle wil inskakel. Dit bring natuurlik mee dat jy 'n klomp geïnteresseerde studente in die klas het. Die studente werk baie selfstandig. Hulle berei oor die algemeen baie goed voor vir die lesings sodat dit nie verval in 'n eenmanvertoning van die dosent nie. In hierdie opsig lê daar nog 'n steil pad vir baie van ons eie studente voor wat selfs op Universiteit nog met die teelepel gevoer wil word. Daar lê myns insiens nog 'n groot opvoedingstaak en 'n verandering van gesindheid voor voordat die seminaarstelsel hier by ons werklik sal werk.

'n Mens kry die indruk dat die teologiese studente in Wes-Duitsland veel minder bekommerd is oor die verwerwing van 'n graad en eerder ingestel is op die vermeerdering van kennis. Ek was verstom oor die gedissiplineerde houding en optrede van studente teenoor dosente. Ook oor die manier waarop hulle hulle aan die akademiese gesag van dosente onderwerp. Dit geld sowel van kleiner groepsbesprekings as van groter klasse. Dit lyk asof daar na die studente onluste van die laat sestigerjare groter akademiese rustigheid ingetree het.

Geweldig opvallend is die feit dat die studente veel meer van die biblioteek gebruik maak as ons studente. Die feit dat die biblioteek gedesentraliseerd is en elke Instituut (of Departement) sy eie biblioteek het en lesinglokaal en biblioteek letterlik langs mekaar lê, werk daartoe mee dat studente die biblioteek as 'n logiese plek beskou om hulle kennis te verryk. Dit was 'n riem onder my hart om te sien dat studente selfs op 'n Saterdagmiddag besig is om in die OT biblioteek te werk!

'n Volgende saak wat my opgeval het, was dat daar verhoudingsgewys veel minder doktorale studente as by ons is. Dit is ook glad nie vanselfsprekend dat elkeen wat sy voor-studie voltooi het outomaties vir doktoraal mag inskryf nie. Die student moet 'n minimum punt behaal in sy kwalifiserende studie en dan moet hy eers as 't ware deur die professor genader word om aan te gaan met doktoraal. Alhoewel daar verhoudingsgewys min doktorale studente is, is die doktorale studente wat ingeskryf is aan die werk en nie maar net formeel ingeskryf nie. In Wes-Duitsland word die doktorale eksamen gewoonlik eers afgeneem nadat die proefskrif eers voltooi is.

Die teologiese student in Duitsland is ook veel meer "beweeglik" as in Suid-Afrika in dié sin dat daar veel meer van een Universiteit na 'n ander beweeg word. Die normale studietyd vir teologie duur gewoonlik 12 semesters, dit wil sê 6 jaar. Vir 'n teologiese student is dit glad nie vreemd om in hierdie tydperk by 2 tot 3 Universiteite klas te loop nie. 'n Student sou byvoorbeeld kon kies om sy Ou Testament by professor A in München te doen en sy Nuwe Testament by professor B in Tübingen. Hierdie stelsel het sy voordele in die sin dat daar goeie teologiese kruisbestuiwing plaasvind.

'n Baie interessante aspek van die teologie in Wes-Duitsland op die oomblik is die groot aandag wat aan die ekologie of omgewing of natuur gewy word. 'n Mens sou selfs van 'n ekologie-teologie kon praat. Vir sommige het die verhouding tot die skepping amper net so belangrik as die verhouding tot die Skepper geword. Die verhouding tot die naaste word deesdae so 'n bietjie verdring deur die vraag na die verhouding tot die natuur en die skepping. Die plaaslike situasie oefen 'n geweldige invloed op die teologiese denke uit. Vanweë lug- en bodembesoedeling loop baie Europese woude gevaar om uit te sterf en word die hele ekologiese stelsel bedreig. Omdat die mense in Europa meestal opgehok in klein wooneenhede woon, is dit vir hulle baie belangrik om in die natuur uit te kom. Die mense in Europa lewe dan ook veel nader aan die natuur as wat ons hier in Suid-Afrika oor die algemeen besef. So 'n ekologiese

besoedeling en die bedreiging van 'n moontlike kernoorlog skep geweldige angs. Dit is verstaanbaar dat hierdie probleem ook in die teologiese diskussie neerslag gevind het.

Wat die beoefening van die Ou Testamentiese wetenskap betref, kan onomwonde gesê word dat die Wes-Duitsers toonaangewend in die wêreld is. Daar bestaan 'n teologiese infrastruktuur om werklik te spesialiseer en dit lei weer tot 'n hoë standaard en publikasies van kwaliteit. As daar 'n afleiding gemaak kan word uit publikasies wat verskyn en uit gesprekke met verskillende kollegas, lyk dit asof veral die profetiese literatuur en die wysheidsliteratuur op die oomblik in die brandpunt van diskussie staan. Snaaks genoeg word daar op die oomblik nie veel oor die psalms gepubliseer nie en oor die ingewikkelde pentateugprobleem word daar op die oomblik 'n soort van afwagtende houding ingeneem. Oor die metodologie van die eksegese is daar ook 'n lewendige debat aan die gang. Oor die algemeen vier die histories-kritiese metode egter nog hoogty in die Lutherse kringe. Die teksimmanente benadering wat die afgelope aantal jare baie veld in Suid-Afrika gewen het, staan egter sterk in Katolieke kringe. Dit is veral Wolfgang Richter en sy skool wat groot invloed uitoefen. Al hoe meer van Richter se leerlinge begin leerstoele beklee aan verskillende Wes-Duitse Universiteite.

'n Belangrike vraag om te vra, is: Is dit nog sinvol, is dit nog noodsaaklik vir ons om teologie te gaan studeer en navors in Europa en by name in Wes-Duitsland?: Dit is nodig om te sê dat teologiese opleiding in Suid-Afrika van 'n hoë standaard is. Dit blyk uit die feit dat van ons studente wat in Europa gaan studeer baie goed presteer. Dit blyk verder uit die steeds groeiende teologiese publikasies in Suid-Afrika. Dit is egter die taak van teoloë in Suid-Afrika om die standaard van teologiese opleiding en navorsing en publikasies nog meer te verhoog en uit te bou. Tog glo ek dat net soos wat ons op politiese, ekonomiese en ander terreine nie geïsoleerd kan leef nie, ons ook op teologiese gebied moet voortgaan om kontak met die buiteland te hê. Die vraag is egter presies hoe hierdie kontak moet geskied: Eerstens is geleerdes, in elk geval uit Wes-Duitsland, gretig om na Suid-Afrika as gasdosente te kom. Na my wete kom daar juis in 1985 (as alles reg verloop) twee Ou Testamentici uit Wes-Duitsland na Suid-Afrika. Universiteite en departemente aan Universiteite moet nie huiwer om sulke uitnodigings te rig nie. Hierdeur word kontakte opgebou wat selfs wyer as die akademiese terrein strek. Tweedens

is dit ook nodig dat Suid-Afrikaanse teoloë by wyse van oorsese besoeke eerstehandse kennis sal opdoen van die jongste ontwikkelinge op die vakgebied. Dit kan alleen bevrugtend op teoloë en hulle studente inwerk. Hiermee word natuurlik nie bedoel dat alles wat van oorsee af kom heelhuids en onkrities opgeslurp sal word nie. Dit beteken dat ons krities moet kennis neem van die jongste strominge en dit kreatief moet aanpas by ons teologiese en kerklike behoeftes.

Dit mag 'n persoonlike, subjektiewe mening wees, maar ek dink nie dat dit meer raadsaam is vir 'n student om onmiddellik na sy BD of BTh studie oorsee te studeer nie. Oor die algemeen besit studente (al is hulle teologiese studente!) op hierdie stadium nóg oor die geestelik-emosionele, nóg oor die akademiese rypheid om die volle toets te deurstaan. Ek sou aanbeveel dat 'n student eers sy doktorale eksamen aflê en presies besluit waaroor hy sy dissertasie wil skryf voordat hy oorsee gaan. Op die manier kan 'n mens 'n Universiteit uitsoek waar daar 'n spesialis teenwoordig is om die beste leiding met die oog op die proefskrif te gee. 'n Mens kan dit gewoon akademies of finansieel nie bekostig om vir 'n halfjaar of langer rond te val nie.

'n Mens sou nog vele positiewe en negatiewe opmerkings kon maak oor die akademiese, kerklike en politieke situasie. Met hierdie paar kantaantekeninge oor die algemene akademiese situasie blyk dit egter duidelik dat 'n oorsese studiebesoek 'n verrykende ervaring is.